Bosveldkarnaval
Swartwater

Bosveldkarnaval Swartwater

23 Junie 2007

1 Wie en wat is die Bosveldkarnaval?

Die Bosveldkarnaval is 'n pretdag wat jaarliks gehou word op Swartwater in die Limpopoprovinsie. Die dag bestaan uit talle aktiwiteite en speletjies, waaronder 'n 'touchrugby' toernooi, fietswedren, vlugbaltoernooi vir dames, en nog vele meer tel. Tipies aan 'n karnaval is daar wonderlike eetgoed te koop, met die hoogtepunt 'n osbraai die aand. Die dag word afgesluit met gaskunstenaars wat optree, en vanjaar kom NaviRedd aan die beurt.
Die Bosveldkarnaval word aangebied deur die Hervormde kerk Koedoesrand. Die doel van die karnaval is om fondse in te samel vir ons gemeente se bediening – naamlik die verkondiging van die Evangelie van Jesus Christus.
'n Tiende van die wins van die Bosveldkarnaval word sedert 2005 geskenk vir barmhartigheid. In 2005 het ons 'n skenking gegee aan die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (werk met gehoor-, sig- en serebraalgestremde kinders), en in 2006 het ons 'n skenking gemaak aan die Piet Potgieter Ouetehuis in Potgietersrus (nou Mokopane).

2 Hoekom het hierdie bekendstellingsbrief in u hande beland?

Ons wil u langs hierdie weg aan ons 'Touchrugby' toernooi bekendstel. Die toernooi is 'n belangrike deel van die Bosveldkarnaval, en is 'n gebeurtenis wat ons graag wil uitbou en verbeter.

Die sukses van die toernooi lê natuurlik in die hoeveelheid spanne wat kom deelneem. Ons hoop dat u sou belangstel om 'n span in te skryf vir die toernooi, of dat u hierdie inligting sal deel met mense wat moontlik sou belangstel in die toernooi.

3 Hoe werk die toernooi?

Die toernooi bestaan uit 2 kategorieë:

- Superliga
- Sosiale liga

☞ Enige span, met spelers van enige ouderdom, mag vir beide ligas inskryf

4 Prysgeld

Superliga
Eerste plek = R5,000

Sosiale liga
Eerste plek = R1,000

5 Algemene reëls van die toernooi

A. Samestelling van spanne:
   i. 'n Span bestaan uit 5 spelers, met 5 opsionele reserwes wat gedurende 'n wedstryd gebruik mag word.

B. Wedstryde:
   i. Wedstryde word beheer deur skeidsregters wat deur die karnavalkomitee aangewys word. Die beslissing van die skeidsregters en organiseerders is finaal.
   ii. Elke span voorsien een lynregter vir sy eie wedstryde.
   iii. 'n Wedstryd bestaan uit twee helftes van 10 minute elk. Daar is 'n rustyd van 2 minute tussen die helftes. Die formaat van die kompetisie (uitklop- of groepwedstryde) sal bepaal word na gelang van die hoeveelheid spanne wat inskryf, om optimale deelname te bevorder. Elke span sal minstens 2 wedstryde speel.
   iv. Die trekking van wedstrydbepalings word gedoen die oggend voor die toernooi afskop op Saterdag 23 Junie, waar 'n verteenwoordiger van elke span die trekking sal behartig.
   v. Die grootte van die velde is 30m breed en 40m lank.

C. Reëls:

i. Die beslissing van die organiseerders is finaal.
ii. Wedstryde vind plaas op die tyd wat geskeduleer sal word. Indien 'n span 5 minute laat is vir 'n wedstryd sal dit gereken word as 'n onttrekking en die ander span sal die punte ontvang of deurgaan na die volgende ronde.
iii. Spanne moet eenvormige hemde of rugbytruie dra – van hulle eie keuse
iv. Meer inligting oor wedstrydreëls sal gestuur word aan spanne wat ingeskryf het. Die basiese reëls kan gevind word by www.supertouch.co.za

6 Inskrywing:

Inskrywingsgeld:
Superliga = R100 per span
Sosiale liga = gratis

Vir enige verdere inligting en besprekings besoek ons by
www.bosveldkarnaval.co.za

Stuur 'n e-pos na koedoesrand@nhk.co.za, of skakel **Gerhard** by 0147671502 of 0828725236 vir enige ander navrae.